







T: 044 691 2465
E: admin@ngmosselbaai.co.za
www.ngmosselbaai.co.za
Eredienste: 8h00, 10h00 & 18h00

# FAMILIENUUS SONDAG 27 September 2026

| 08:00 & 10:00 | 18:00 |
|---|---|
| **Prediker:** Ben Joubert<br>**Teks:** Matteus 25:31-40 Jakobus 2:14-22<br>**Tema:** Luister na ander met die intensie om iets te doen | **Geen aanddiens** |

Die Spesiale deurkollekte gaan vandag vir die **Opskoppers.** Die Opskoppers is die sosiale/ontspanningsbeen van die Seniorbediening. Elke kwartaal word 'n byeenkoms gehou wat 'n gesellige kuier, daguitstappie of kort toer kan wees.

Vandag, op Biddag vir Bejaardes, sê ons dankie vir die ouer mense wat vir ons omgee en 'n invloed in ons lewens het of gehad het. Ouer mense wat vir ons gesorg het, hulle wysheid gedeel het, wat ons gedien het en wat vir ons gebid het. Dankie ook vir elke bejaarde persoon wat deel is van ons gemeente.

**PREDIKANTE:**

Henri Meyer
henri@ngmosselbaai.co.za
083 455 6940

Dean Bentley
dean@ngmosselbaai.co.za
084 782 4595

Almal word genooi vir koffie of tee na kerk buite die Gemeentehuis.

**NUWE LIDMATE**

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**

Meld asb aan by die Nuwelidmaatbedieningslede in die kerkgebou se portaal of kerkkantoor vir lidmaatskapvorms

# AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG**<br>28 September | | 18:00 Kerkraad |
| **DINSDAG**<br>29 September | | |
| **WOENSDAG**<br>30 September | | |
| **DONDERDAG**<br>1 Oktober | | |
| **VRYDAG**<br>2 Oktober | | |

## PASTORALE SPREEKKAMER

Die pastorale spreekkamer bied 'n veilige toevlugsoord vir mense met neerslagtigheid, persoonlike krisisse, familieprobleme, verhoudingsprobleme, huweliksprobleme, geloofsprobleme, werkskrisisse, rousmart, ens.

Mense wat terapeutiese hulpverlening benodig, kan met vrymoedigheid 'n afspraak maak by Dr. Ben Joubert 082 921 0348.

## GEBEDSBROKKIES

... En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd.
Matteus 28:20

Om te bid is die mees menslike ding om te doen, en gelyktydig die mees Goddelike.
TOM WRIGHT

## GEBEDSWAG UITNODIGING

Om deel te word van die gemeente se **Gebedswag Whatsapp-groep** stuur asb u naam en selfoonnommer vir Alta van Zyl, (083 257-3884).

## KAROO @ SEE VLEISFEES

Dit is weer tyd vir Karoo @ See Vleisfees 20 – 21 November! Vrydag 20 November is dit weer ons heerlike Stoepstories & Smullekker Karoo-ete teen R180/persoon. Daar gaan ook 'n wynveiling, saam met 'n paar ander spesiale items, wees. Maak dus seker jy mis nie die Vrydagaand nie!
En dan natuurlik die vleis! Daar is lammers te koop teen R160/kg, verpak in 9 kg pakke. Saterdagoggend kom haal jy jou lam en kan jy sommer ook nog heerlike skenkels, kerrietjops en 'n paar ander lekkernye koop. Ons doen hierdie fees in samewerking met NG Carnarvon. Maak seker jy koop jou kaartjie en bestel jou lam so gou moontlik, sodat jy nie uitmis nie! Ons sien uit daarna om die naweek saam met julle te kuier!

## KOMMUNIKASIE NA DIE GEMEENTE

Om deel te word van die gemeente se Whatsapp-groep, gebruik asb die QR kode of stuur jou naam en nommer vir Corné (083 964 6368) om jou by te voeg.

## WILDSVLEIS TE KOOP

Ons manne het gaan jag en gaan hierdie komende week die vleis verwerk. Daar sal Vrydag 2 Oktober heerlike wildsvleis en -wors, nat droëwors en biltong (wat jy self kan hang om droog te word), te koop wees, in die Klipkerk.

## OMGEE-ROLBALDAG: 23 OKTOBER ~ MOSSELBAAI ROLBALKLUB @ 16:00 vir 16:30

Ons hou jaarliks die fondsinsameling om die gemeente se **Omgee Noodfonds**, waaruit ons individue en gesinne in enige nood help, te befonds. Die hoofbron van ons inkomste word vanuit borgskappe of donasies bekom.

Dit beloof om 'n prettige geleentheid te wees vir lidmate, vriende en familie om saam te ontspan en om deur ons sport iets van Christus se liefde te geniet. Almal is welkom om in te skryf.

Fooie beloop R150/persoon wat 'n ligte aandete, koffie/tee insluit. (Nie-spelers R100). Spanne sal ingedeel word.

Ons neem die vrymoedigheid om te vra vir jul ondersteuning met die rolbaldag, hetsy deelname, borge of donasies.

Donasies kan wees in die vorm van kontant óf enige artikels of produkte wat as pryse gebruik kan word. Items kan by die kerkkantoor afgegee word.

Vir enige navrae kontak vir We-Nita Joubert 082 414 5608.

Inskrywings en betalings kan by die Kerkkantoor gedoen word.

Koop 'n lootjie by die Kerkkantoor vir die kans om 'n spesiale driepoot-opvoustoel te kan wen.

R50 vir 3 inskrywings.

## KOLWYNTJIES VIR KANSA 11 OKTOBER

Die Kruisvroue verkoop op Sondag 11 Oktober, tydens die koffie-na-kerk by die Gemeentehuis, heerlike kolwyntjies vir slegs R20. Die fondse is ten bate van KANSA.
Kom ondersteun gerus hierdie projek.

## GEBEDSRETREAT 16-18 OKTOBER

Gebedsretreat saam met Johan Geyser van Mosaiek gemeente
Plek: Wheatlands, Lamont Plaas, Johnson's Pos, (naby Gouritz)
Datum: 16-18 Oktober
Koste: R1500
Kom deel in 'n naweek van stille teenwoordigheid saam met God drie enig. Kom leer van gebed en om die teenwoordigheid van die Here te ervaar.

11 Bedaar en erken dat Ek God is,
hoog bo die nasies, hoog bo die aarde.
Ps 46:11.

## SEEWIND

Die Seewindbediening benodig toiletware vir hul voorradekas waaruit die haweloses, soos nodig, gehelp kan word.

Skenkings van toiletware soos bv. seep, waslappies, tandeborsels, tandepasta, mans- en vroue- aanroldeodorant, haarsjampoe, sanitêre produkte of 'n finansiele bydrae vir aankope kan by die kerkkantoor afgegee word.

## HERVORMINGSFEES/TIENDEMAAND

Sondag, 25 Oktober is dit ons Hervormingsfees en Tiendemaandoffer waar ons, uit dankbaarheid teenoor die Here vir al Sy seëninge, geleentheid kry om ons tiendemaand dankoffers te gee.

Koeverte, wat spesiaal vir hierdie doel gedruk is, sal by al die deure geplaas word. Elektroniese oorbetalings is ook welkom – die bankbesonderhede verskyn agter op die Familienuus.

## GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in ouetehuise, **Tonkels Janse van Rensburg**, hospitaal (Rina 084 448 2017); **Corrie Nel**, hospitaal; **Johan Swanepoel**, hart (Hannetjie 082 783 1022); **Fanie Viljoen** (Lizeth 079 230 2527); **Aldrich Kruger**, kanker (ouma Barbara 083 719 2313); **Elnarie Steyn**, (Isabel 083 644 6766); **Jo Rautenbach**, hospitaal (Marianda 083 260 2518); **Henk Keuris**, longkanker (Christa 083 408 9336); **Corlene Lombard**, (082 459 2328); **Jan Steyn**, (Lynette 083 627 1294); **Frans Conradie**; **Leon Coetzee**, longkanker (082 578 1222); **Linda Marx**, kanker (083 725 4556); **Percy van Schalkwyk**, hart, (Heather 072 225 9177); **Belinda Boshoff**, M.S. (Louisa 083 750 8607).

*Laat weet asb 'n leraar van jouself of iemand anders wat gebede benodig. Ons wil graag ondersteun met gebed, oproepe of moontlik 'n besoek.*

## IN LIEFDEVOLLE HERINNERING

†**Gerhard Swanepoel**, sy gedenkdiens is Maandag 28 Sept. om 10:00 (seun Gerhard 082 924 3105)

## GEDENKMUUR

Kontak gerus die Kerkkantoor indien jy 'n nis in die gedenkmuur wil bekom. Die koopprys beloop R5 950 vir lidmate en R6 950 vir nie-lidmate. Aansoekvorms, asook 'n sketsplan van nisse, is by die kerkkantoor beskikbaar.

## WESKAAP SINODE KOMMUNIKASIE

Lees 'n aanlyn weergawe van **Kerkbode** by: https://kerkbode.christians.co.za/e-koerant/

Die **Vrydagnuus** is die amptelike nuusbrief van die NG Kerk Wes-Kaapland. Om in te teken om die nuusbrief per epos te ontvang gaan na https://kaapkerk.co.za

## FINANSIËLE BYDRAES

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai,
ABSA – 2070580023
(Verwysing: naam/projek)

**Vir sendingbydraes:**
GO NG Kerk Mosselbaai,
ABSA spaar – 9305467263;
Takkode: 632 005

Snap here to pay
SnapScan

## BEDIENINGS

**VOORSITTER:** Cobus Coetzee, 082 453 3305
**ROEPING:** Ben Joubert 082 921 0348
**AKSIE SAMARITAAN:** Johan Meyer, 082 772 5490
**DIAKONIE:** Koos Crause, 083 229 1178
**EIENDOMME:** Willem Knoetze, 082 408 6769
**EREDIENS:** Dennis Engelbrecht, 083 251 5998
**FINANSIES:** Chrisjan van der Merwe 082 570 0065
**FAMILIE:** Jacques le Clus, 073 172 8424
**GETUIENIS:** Herman van Huyssteen, 083 393 3760
**OMGEE:** We-Nita Joubert, 082 414 5608

- Tehuise: Frieda Marais, 073 306 0703
- Eenique: Ananda Wessels, 083 480 9653
- Deernis: Krista de Bruyn, 083 692 0843
- Kruisvroue: Orna Snyman, 083 279 1660

**SENIORS:** Jan de Witt 082 695 3672

- 85+: Lizelle Vorster, 083 268 4291
- Opskoppers: Jan de Witt, 082 695 3672

**GEBED:** Cedric Coetzer, 083 489 3688 en Alta van Zyl, 083 257 3884
**DVK:** Kobus Weideman 082 807 5154
**NUWE LIDMATE:** Frank Tomas, 083 388 3657
**GASVRYHEID:** Petro Proudfoot, 082 775 3473
**KOMMUNIKASIE:** Dean Bentley
**BASAAR:** Louwrens de Wet, 083 308 4463

## KERKKANTOOR – 044 691 2465

*Kantoorure: Maandag – Vrydag 08:00 tot 14:00; Sondag 09:00 – 09:30 & 11:00 – 11:30*

**Admin. Beampte (Skriba):**
Corné Human: 083 964 6368
e-pos: admin@ngmosselbaai.co.za

**Finansiële Beampte (Kassier):**
Deleen Jansen van Vuuren: 084 586 6422
e-pos: finansies@ngmosselbaai.co.za

**Koster:**
Johann Rossouw: 076 582 0619

**Musiekleier:**
Franco Engelbrecht: 079 926 1818

**Pastorale Terapeute:**
Ben Joubert: 082 921 0348
Elize Barnardt: 082 829 8133
Cindy Gribble: 078 987 2127